# LYDENSTYD 2023 – "*VISIO DIVINA*"

## HEILIGE KYK EN HEILIGE RAAKSIEN

Oor enkele dae begin die belangrikste 40-dae feestyd vir christene wêreldwyd: Lydenstyd (of ook bekend as Lent). Ek stel jou graag voor aan die tema van die nuwe reeks, "**VISIO DIVINA**" (of "Heilige Kyk").

Baie mense gebruik die eeu-oue bybelleesmetode, nl. **Lectio Divina**. Anders as met bybelstudie (waar die klem op studie val) word daar met **Lectio Divina** (of Heilige Lees) veel meer *met die hart* as *met die verstand* gelees. Oor en oor lees jy – biddend - 'n teksvers totdat daar 'n enkele woord/sinnetjie vir jou uitstaan. Dit is soos 'n skielike *a-ha oomblik*. Met daardie één woordjie het die Gees jou siel aangeraak! Jy sien wat God sien.

**Lectio Divina** het ook 'n pasmaat, **VISIO DIVINA** (Heilige Sien). Om sélf 'n Bybel te besit en sélf daaruit te kan lees, is 'n buitengewone voorreg wat nie alle mense het nie. Vir eeue lank was daar geen moontlikheid vir "gewone" lidmate om die Bybel te leer ken behalwe deur **Visio Divina** nie! Eerstens kon min mense lees; en tweedens was daar nie gedrukte tekse beskikbaar nie. Hoe gemaak om die Woord van God (Jesus Christus) te leer ken? Die Heilige Gees het aan kunstenaars (ikonograwe) die gawe gegee om deur hul kunswerke (ikone) die Woord as "heilige kuns" te "skryf" (skilder). Nou praat nie die ink op papier nie, maar verf teen 'n muur. Die prent praat die Woord na.

Ons is dus geseën met twee hulpmiddels: lees en sien. En die doel daarvan? Dat God ons kan verander om die beeld van God (of ikoon) vir die wêreld te wees. Soos Paulus skryf, "*Ons word al meer verander om aan die beeld (ikoon) van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is*" (2 Kor 3:18). **Ons word dus die ikoon van Christus vir die wêreld, soos wat Christus vir ons die ikoon van God is** (aldus Kol 1:18). Ek en jy is dus wandellende kunswerke wat asemhaal danksy God se Gees.

**Mag ons verstand en ons oë in hierdie Lydenstyd deur die Heilige Gees oopgemaak word, sodat ons as ware ikone van God leef.**

**HOE WERK DIE REEKS?**

Jy ontvang daagliks – hetsy per whatsapp of epos – **twee boodskappe** (wat as 'n eenheid gelees moet word.) Die een is **Visio Divina** (met 'n kort beskrywing van die ikoon); daarop volg Deel 2 wat 'n skrifmeditasie vir jou bied. Lydingstyd is tradisioneel 40 dae vanaf

Aswoensdag tot by Stil-Saterdag (die dag na die kruisiging). Sondae word nooit ingesluit nie (anders sou dit ’n 46 dae reis gewees het). Jy gaan op Sondae net een boodskap ontvang, gefokus op Visio Divina.

Jy is welkom om hierdie meditasies aan te stuur, solank daar erkenning is aan die skrywer hiervan.

## HOE OM JOUSELF VOOR TE BEREI VIR LYDENSTYD:

Die ganse lewe gaan oor lewe en dood. Danksy prysgawe ontvang ons. Of, soos Jesus leer, “*As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in*” (Joh 12:24). Met sy lewe het Jesus dit geïllustreer. Hieroor skryf Paulus, “*Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde*” (1 Kor 2:2). Maar die dood het nie die laaste sê nie – die graf is leeg! En daarom jubel ons. “*Deur Sy groot liefde het Hy ons wat dood was saam met Christus lewend gemaak*” (Ef 2:4).

**Lydenstyd het net een doel: dit is ’n tyd vir eerlike nadenke.** Is ek wie God wil hê ek moet wees? Leef ek soos God my bedoel het om te leef? Vir 40 dae bedink ons die lewe - al terugskouend loop ons vorentoe.

In hierdie 40 dae is daar deur die eeue **3 geloofsgewoontes** ingeoefen: om te vas; om sondebelydenis te doen; en om met vrygewigheid die armes te versorg. Al drie hierdie geloofsgewoontes het een doel: om ons te leer om ligter te leef!

Die rede waarom jy sou vas van kos(soorte), is dat jou honger jou kan herinner aan 'n groter honger: die honger na God. **Vas het met “ligter leef” te make (nie net met jou spyskaart nie)! Hoe minder jy tyd/energie/middele aan jou “eie ekkigheid” spandeer, soveel meer het jy om ander mee te kan versorg.**

**God wil ons bevry van ons swaar las**: die las van ons verslawings; die las van ons sonde; die las van nie wees wie jy bedoel is om te wees nie, ens. Hoe meer jy jouself in die spieël van God se vrymaking sien, hoe meer word skuldbelydenis nie 'n las nie, maar 'n verligting!

Maak van vandag ’n biddende dag: vra vir God hoe jy hierdie tyd moet deurbring; wat jy moet prysgee; wat jy moet verander? Vra die Heilige Gees om jou te wys waar jou lewe nie die gestalte van Jesus reflekteer nie, en hoe dit kan verander?

Ronell Bezuidenhout
Groot-Brakrivier
ronellbezt@gmail.com
www.ronellbezuidenhout.co.za